

**Johan Claassen  
Broers**

(EDMS.) BPK.

Kerkstraat 100  
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en  
KINDERUITRUSTERS

JAARGANG XXI

# die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

WOENSDAG 8 SEPTEMBER 1965

SPOEUITGAWE

**FLEURETTE  
BLOEMISTE**

Sleep in by Fleurette vir  
julle BLOEMME...

SPESIALE AFSLAG

Kerkstraat 143 Tel. 4062

NR. 1

## UITTREDENDE VOORSITTER LEWER VERSLAG

**S.R. - Voorsitter  
Verkies**

**"DIT WAS WAT** die Studenteraad betref 'n moeilike termyn as gevolg van die breuk wat ingetree het tussen die studentegemeenskap en die Studenteraad. Ieder en elk sal dankbaar wees om dit spoedig in die toekoms te sien verdwyn," het mnr. S. J. du Plessis, aftredende voorsitter van die Studenteraad, vanaand in die Totiussaai voor die studentemassa van die P.U. gesê.

Mnr. Du Plessis het verslag gedoen van die werksaamhede van die Studenteraad vir die afgelope termyn.

"Daar moet in gedagte gehou word dat die Studenteraad nie net daar is om uitvoering te gee aan die wense van die studente-

is nypend.

Hy het die verslag afgesluit deur te verwys na die bereidwilligheid van die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, by wie ten alle tye gesonde en wyse raad verkry kon word.

Studenteraad verhoog sal moet word, ten einde die studenteraad in staat te stel om aan die behoeftes te voorsien. Mnr. du Plessis het gesê die posisie

### A.S.B.-HOOFBESTUURSLID WORD O/VOORSITTER

Mnr. L. J. van der Walt is die nuwe onder-voorsitter van die Studenteraad vir 1965/66. Hy volg mnr. R. J. P. du Plessis op wat die portefeulje die afgelope termyn beklee het.

Mnr. Kobie van der Walt het hom al op talle gebiede as studenteleier geopenbaar. Hy het in 1959 te Pietermaritzburg gema-

gebied van die A.S.B. wat hy uitgeblink het.

Sedert 1963 dien hy op die bestuur van die A.S.B. as bestuurslid, sekretaris en studenteraads-verteenwoordiger onderskeidelik. In 1964 word hy ook lid van die A.S.B. hoofbestuur in die hoedanigheid van Direkteur van Kulturele aangeleenthede. In 1965 is hy herkies op die hoofbestuur as Direkteur van Toere.

Mnr. Van der Walt is vanjaar verkies as voorsitter van die koshuiskomitee van Dawie du Plessis-huis.

### Aucamp word verkies vir Korps V.V.

Mnr. L. D. Aucamp is gister verkies as mede-verteenwoordiger van Korps Veritas Vincet op die nuwe Studenteraad.

Mnr. Aucamp het gematrikuleer aan die Hoërskool Vryburg in 1958. Die daaropvolgende jaar skryf hy in aan die P.U. Hy is tans derdejaarsstudent aan die Teologiese Skool.

Op die terrein van die studentelewe speel hy 'n belangrike rol. Hy speel in 1962 rugby, in 1963 hokkie, krieket en sokker. In 1962/63 is hy J.V. voorsitter en lid van die Bondsode-redaksie. Daarby dien hy op die T.S.V.-bestuur en die redaksie van die Goue Kandelaar.

Mnr. Aucamp het op Kulturele gebied sy plek vol gestaan. In 1964 speel hy 'n rol in die toneelstuk waarmee Thalia getoer het en vanjaar het hy die Thaliatoer as S.R.-verteenwoordiger meegemaak.

Mnr. Aucamp dien al geruime tyd op die bestuur van Korps, in 1964 as sekretaris en vanjaar as voorsitter. In 1964 is hy ook gekies as verteenwoordiger van Korps op die S.R.



**MNR. L. J. VAN DER WALT**  
Foto: Fotokuns

trikuleer. Reeds op skool het hy hom uitgewys as 'n uithaler sportman.

In 1961 skryf hy in aan die P.U. en studeer tans aan die Teologiese Skool. Mnr. Van der Walt het reeds gedien op die Geselligheidskomitee, Vreugedagkomitee, redaksie van die Goue Kandelaar en Korpsbe-

diestuur. Dit is egter veral op die



**MNR. FANIE DU PLESSIS,**  
Foto: Fotokuns

massa nie, maar ook om leiding te gee in hierdie gemeenskap," het hy gesê. Mnr. Du Plessis het die vertroue uitgespreek dat die nuwe lede van die Studenteraad in vertroue geneem en daadwerklik ondersteun sal word.

Uit die verslag blyk dat die afgelope termyn, afgesien van enkele geleenthede wat nie benut is nie, suksesvol verloop het.

Die verslag oor die werksaamhede van die onderliggende van die studenteraad meld dat die gedagterigting van die A.S.B. nog sterk inslag vind aan die P.U. vir C.H.O. Afgesien van die min belangstelling in die kunsfees wat in Heidelberg plaasgevind het, is die kunskulturele aspek van die studentelewe nog op 'n gesonde basis.

Mnr. Du Plessis maak in sy verslag melding van die skitterende samewerking wat daar op interuniversitêre vlak was, tussen die Afrikaanse universiteite.

#### NYPEND

Dit is ook baie duidelik dat die jaarlikse toelaag aan diestuur. Dit is egter veral op die

## Studenteraad 1965/66

Die Studenteraad wat gister verkies is vir die volgende termyn is:

Voorsitter: Mnr. F. van der Walt

O/voorsitter: Mnr. L. J. van der Walt

Sekretaris: Mnr. A. le du Plooy

O/sekretaris: Mnr. J. H. P. Schutte

Penningmeester: Mnr. D. Tromp.

Damesverteenwoordigster: Mej. W. le Roux.

A.S.B.-verteenwoordigers: Mnr. B. J. de Klerk en J. E. Bradley

Korpsverteenwoordigers: Mnr. L. D. Aucamp en J. J. Breedt.

S.S.B.-verteenwoordigers: Mnr. J. J. Brand en W. N. Coetzee.

A.B.K.K.-verteenwoordigers: Mnr. J. J. Grobler en C. N. van der Merwe.



**Mnr. Frans van der Walt** wat gister verkies is as voorsitter van die studenteraad vir die volgende termyn.

## Frans van der Walt word nuwe S.R.-voorsitter vir volgende termyn

Mnr. F. van der Walt is gister deur die studentemassa van die P.U. verkies as die voorsitter van die studenteraad vir die volgende termyn. Hy volg mnr. Fanie du Plessis op, wat die afgelope twee termyne voorsitter was.

Mnr. van der Walt is die derde seun van mnr. en mev. N. van der Walt van Olifantshoek. Hy is op 4 Mei 1942 in Oos-Londen gebore. Reeds in sy matriekjaar en sedertdien aan die P.U. het Frans hom onderskei as student en studenteleier. Hy matrikuleer in 1959 met onderskeidings in Wiskunde, Natuur- en skeikunde, Biologie, Handelsrekeningkunde en Boekhou waarna hy aan die P.U. vir C.H.O. in 1960 inskryf. Hy behaal die B.A.-graad met onderskeiding in Semitiese tale in 1962. Frans het vanjaar die hoonersgraad met onderskeiding in Grieks behaal. Hy is nou in sy derde jaar ingeskryf aan die Teologiese Skool.

#### LEIERSFIGUUR

Frans het vroeg reeds 'n breë belangstelling ontwikkel en op die terrein van die studentelewe in die afgelope jare meer as net sy deel bygedra. Nie alleen was hy 'n stille krag hethy hom tot werksaamheid nie maar het hy hom ook uitgewys as 'n waardige leiersfiguur.

In 1963 dien hy reeds op verskeie besture waaronder, as ad-disionele manslid op die hoofbestuur van Kops Veritas Vincet, en ook op die A.S.B.-bestuur. In

dié jaar lewer hy die P.U. vir C.H.O. se referaat op die A.S.B.-kongres vir studie en navorsing te Pretoria. Mnr. van der Walt was ook interuniversitêre redakteur op die redaksie van die Wapad.

Hy word in 1964 tot die huiskomitee van J. van Rooyhuis verkies en is vanjaar voorsitter van die huiskomitee. Hy was die afgelope termyn sekretaris van die T.S.V. en is reeds as Praetor verkies vir 1966. Frans was vanjaar assistent-redakteur van die Goue Kandelaar en redaksielid van Die Besembos.

Die redaksie van Die Wapad wil die nuwe voorsitter alle sukses toewens vir die komende termyn.

## Kaartjies vir La Boheme

'n Aantal kaartjies vir die opera La Boheme wat in die Johannesburg se Stadskou-burg plaasvind, is nog beskikbaar. Saterdagmiddag vertrek daar 'n bus om 2nm. na Johannesburg. Verdere besonderhede kan by mev. A. C. Ryke, Hoffmanstraat 81, verkry word.

**I. GLASER**

— JUWELIER —

VERLOOFRINGE:

**AFSLAG**

vir studente!!

Kerkstraat 187 Tel. 3622

**MOOIRIVIER  
APTEEK**

Kerkstraat 205 Tel. 6341

Agente vir:

**„Helena Rubenstein“**

-Schoonheidsmiddels

U koop graag

**VEKA**Daarom koop u by die  
enigste VEKA-uitrusters in  
die dorp . . .**Mans- en  
Sportuitrusters****TX MODISTE**

(Bentie Edms. Bpk.)

Eksklusiewe Damesalon

Kerkstraat 183 Tel. 4856

**SANLAM***vir Beskerming*Ruikers vir alle  
geleenthede**BOUQUET****BLOEMISTE**

Johan Dreyer-gebou

Tel. 6575

POTCHEFSTROOM

**GROSVENOR**

EN

**GOUGH  
MOTORS**

GEMAGTIGDE

—FORDHANDELAARS—

ANGLIA — CORTINA —  
CORSAIR — ZEPHYR —  
ZODIAC — FAIRLANE en  
GALAXIE

Asook:

**Vespa**

en

**Lambretta**

BROMPONIES

**die  
WAPAD**

WOENSDAG 8 SEPTEMBER 1965

**Breuk tussen S.R. en Massa**

DIE breuk wat ontstaan het tussen die studentegemeenskap en die Studenteraad, soos die aftredende S.R.-voorsitter dit ook vanaand in sy jaarverslag gestel het, is hoewel onrusbarend, tog te begrype as 'n mens kyk na die naamlys van studente wat stemreg gehad het in gister se verkiesing.

Uit 'n studentegemeenskap van etlike duisende studente is daar maar 'n skrale vier honderd of meer wat belangstelling getoon het in die dinge wat hulle in der waarheid baie nou behoort te raak.

Die onkunde en onverskilligheid van so baie studente wat studenteaangeleenthede aan betref, laat 'n mens by die vraag stuit of dit ooit weer sal goed gaan tussen die breë studentemassa en die studenteraad.

Vir ieder en 'n elk wat sake op 'n nugtere wyse wil betrag, is dit duidelik dat die pasverkose studenteraad slegs deur 'n klein persentasie van die Puk-studente gekies is, en onmoont-

lik nie die onmiddellike steun van die „res“ kan verwag nie.

Dit laat 'n mens besef hoe groot die taak van hierdie nuwe studenteleiers in die nuwe termyn sal wees. Dit is 'n ongelukkige toedrag van sake.

Die vraag ontstaan, wat die oorsaak is van die louheid wat daar by ons moderne studente heers. Nie alleen die plaaslike kampus nie, maar ook op dié van verskeie ander inrigtings vir hoër onderwys het ons met hierdie gees van slapheid te doen.

Ons kry dan ongelukkig ook die verskynsel dat juis die mense wat so weinig bydra tot die gesonde koers van ons studentelewe, die belhammels is wat die meeste klippe in die weg rol van die Studenteraad.

Mag die nuwe studenteraad 'n suksesvolle termyn dien in belang van ons studentegemeenskap as geheel. Slegs samewerking van die studentemassa se kant af kan so iets bewerkstellig.

**„Derde Taalbeweging“ Nodig**

STUDENTE is seker onder dié mense wat die meeste verantwoordelik gehou kan word vir die „vervorming“ wat die spreektaal ondergaan.

Die waarheid van die stelling lê is deur menige taalindoena genoegsaam beklemtoon. Maar dan is daar mense wat blykbaar van die standpunt uitgaan dat enige soort brousel maar moet deurgaan as Afrikaans. Ja, en selfs dat dit deur Afrikaners aanvaar behoort te word.

Dit is werklik verbasend om te sien dat daar soveel Afrikaners is wat 'n verminking van hulle moedertaal met gelatenheid aanvaar. Studente is veral geneig om nuwe woorde te „skep“. Ongelukkig het ons hier met 'n verskynsel van oorneem, eerder is om nuwe woorde te maak, te doen. Deur te luister na die wyse waarop die studente soms gesels, kan 'n mens byna nie glo dat hulle aan 'n inrigting vir hoër onder-

wys studeer nie.

Die feit dat Afrikaans in die afgelope tyd soveel aandag geniet het, (hier dink 'n mens veral aan die waarskuwing van prof. P. J. Nienaber 'n tyd gelede op Potchefstroom tydens die vergadering van die Akademie) is reeds genoeg bewys dat daar érens groot fout moet wees wat die houding van die Afrikaner teenoor sy taal aanbetref.

Taalhandhawing is 'n slagkreet wat 'n mens deesdae dikwels hoor. Tog is dit belangrik dat 'n mens jou taal eers reg praat . . . of ten minste 'n poging daartoe aanwend. As 'n Afrikaner nie eers omgee hoe sy taal vermink word nie, kan 'n mens allermins verwag dat hy bekommerd sal wees of Afrikaans sy regmatige posisie in die land verkry.

Prof. Nienaber het verwys na 'n geestelike insinking en het dit nie nodig geword vir 'n „geestelike opknapping nie?

**Deur My  
Lens**

wees nie. In sy pogings om dwang en verpligting te verban en die „vryheid van die individu“ te verseker, was die Studenteraad van die afgelope termyn so verward dat hy nie die bywoning van die beoogde aksies en dra van groen knopies deur eerstejaars kan verseker nie. Durf die Studenteraad nie hierdie dinge koppel aan die behaal van 'n kleurpunt nie? Geen wonder dat die massa soos 'n briesende bul moet stroom afblaas nie. Ek hoop dat dit nie sal gebeur deur (onwettige?) verwelkoming van eerstejaars in die koshuise nie.

Het hierdie ongewilde besluite

**In U Lig**

„Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood. Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here.“ — Romeine 7 : 24 — 25.

Godskennis en selfkennis. Hierdie twee sake is onsekeibaar. Die kennis van die geloof is 'n kennis van God en onself. Die mens moet kennis dra van sy innerlike sowel as sy uiterlike toestand, gesien teenoor die Heiligheid van God.

Die mens is nie geskape om 'n lewe te lei los van God nie, maar om voortdurend in gemeenskap met God iets te openbaar van God se heerlikheid. Die lewende kontak met God is die bron van lewenswelsyn. Die groot breuk in die menslike lewe kom deur die verbreking van die band met God. Met die verbreking van die band met God verlaag die mens homself en die beeld van God na wie hy geskape is.

Deur die sonde breek ons met die Drieëenheid van God. Deur die sonde vertrap ons die eer van God ons Skepper. Ons breek met Christus die beeld van God wat die gelykenis met God in alles tot stand bring, want ons kies vir die duivel. Die Heilige Gees sou ons lewe verewig het, maar ons kies die dood.

Die Apostel Paulus ken homself. Hy dra kennis van die vernietigende werk van die sonde. Gedurig moet hy stryd voer teen die sonde en dan roep hy uit: „Ek ellendige mens.“ Paulus ken egter ook die genade. As hy uitroep: „Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood,“ is dit geen vraag meer nie. Hy ken reeds die antwoord. Dit is slegs sy diepe droefheid oor die sonde wat uiting vind. In Christus weet hy skenk God hom die genade. In Christus weet hy word hy herbore tot 'n nuwe mens.

Mag God gee dat ons hierdie kennis sal besit. Die kennis van ons sonde en ongeregtheid, maar ook weet dat in Christus word ons geheilig deur God.

**Rugbyspan  
moet nie  
alleen uitslag  
bepaal**

Geagte Redaksie,

Kovsies het sestien items en Puk het agt tydens vanjaar se Intervarsity gewen. Maar omdat beide eerste spanne in rugby elk nege punte behaal het, is die Intervarsity van 1965 gelykop. Gestel dat Puk op alle terreine die onderspit gedelf het, maar dat net sy eerste rugbyspan gewen het, wil dit dan sê dat Puk die Intervarsity gewen het? Of gestel dat alles gewen het behalwe die eerste rugbyspan, wil dit dan sê dat Puk die Intervarsity verloor het?

Om hierdie probleem op te los, wil ek graag die volgende aan die hand doen: laat die uitslag van die Intervarsity berus op die aantal items wat gewen en verloor is. Sodoende dra elke speler/deelnemer en sodoende ook elke item by tot die finale uitslag van die Intervarsity. Indien dit so uitgevoer word sal die ander items meer ondersteuning kry en so ook die Intervarsity 'n groter opwindung wees.

Die uwe,

Gees.

**Tussen  
Ons  
Gesê****Koshuis presteer,  
beweer die  
Dawie Doepers**

Geagte Redaksie,

Dit word nou reeds lank beweerd dat Dawie Doep Noord beskou word as die koshuis met die minste gees en belangstelling in die Puk se aktiwiteite.

Op sportgebied bv. rugby, presteer die koshuis baie goed. Hulle palm glad die koshuis-liga in, terwyl 'n groot aantal D. D. Noorders gereeld vir die Puk uitdra.

Nie net met rugby nie, op Judo- en stoeigebied lewer D. D. Noord meer as net sy deel, terwyl op tennis-, atletiek-, hokkie-, krieket-, swem- en waterpolo-gebiede, daar talle verteenwoordigers in die sportsoorte se eerste-spanne is.

Op kulturele gebied staan D.D. Noord ook nie agteruit vir enige manskoshuis nie: Sels op die onlangse A.S.B. Kunsfees was D.D. Noord onder die min Puk deelnemers verteenwoordig.

Alabama het talle Dawie Doepers in hul gelede gehad. Die redenaarsbeker staan in Dawie Doep Noord en die variabeker pronk selde by 'n ander koshuis. By die volkspeledemonstrasiegroep is ook altyd Noord manne te sien.

Vanwaar dan die aantygings??

Fiet en Paan.

**Misplaaste gees?**

Geagte Redaksie,

Inter-Varsity 1965.

Vrydag die 13de was voorwaar 'n ongeluksdag vir diegene wat die eerste periode L.O.-klas toe moes ry (sonder fietse!) omdat die „geestige“ geeste die fietse roekeloos op 'n hoop voor die Biblioteek gegooi het.

Blybaar was die daders vreeslik bang of benoud, want die wêreld lê besaai van toiletpapier. En om ter afsluiting die kroon op die poging te plaas, pryk 'n sekere — — voorwerp op die dak van die hoofgebou.

REFLECTOR.

D.W.

**Gasdosent aan P.U. hou Lesings**  
Prof. dr. H. G. van der Schroeffer van die Universiteit van Amsterdam is tans op besoek aan die P.U. as gasdosent. Hy sal van 6 tot 30 September aan die universiteit optree en verskeie lesings hou oor Kostebe-rekening, Bedryfseksonomie en Ekonomie.

**Immigrante sal oorsprong nie omver werp**

Die Regering sal nie toelaat dat Suid-Afrika se kulturele en godsdienstige oorsprong deur immigrante versteur en omver gewerp word nie, het die Minister van Immigrasie, sen. A. E. Trollip verlede maand op die N.P.-kongres in Pretoria gesê na aanleiding van 'n beskrywings-punt waarin gevra is dat die Re-gering onder andere:

- Stappe moet doen om te voorkom dat die ongewenste im-migrante die land binnekom;
- Immigrante se kerkver-band ook in aanmerking moet neem by keuring aangesien die Rooms-katolieke 'n groot gevaar inhou;
- Immigrante ook by mili-têre organisasies ingeskakel word.



Mnr. Dave Tromp, kaptein van die P.U. se rugbyklub, is gister verkies as penningmeester van die nuwe Studenteraad. Hy volg mnr. C. Nel op wat die afgelope termyn die portefeulje beklee het.

**HULDIGINGSPROGRAM VIR TOTIUS WORD MÔRE AANGEBIED**

'n Huldigingsprogram ter ere van Totius word môreaand, 9 September om 8 nm. in die Totiussaai van die P.U. gehou. Die program word deur die Afrikaanse Kultuurraad van Potchefstroom aangebied.

Prof. Fanus du Toit, 'n seun van Totius, sal tydens die ge-leentheid optree met 'n voordrag oor sy herinneringe aan sy va-der, terwyl prof. P. D. van der Walt, hoogleraar in Afrikaans

aan die P.U., Totius se digkuns sal behandel.

**VOORDRAG**

'n Voordragprogram word ge-lewer deur mnr. Teunis Botha en mej. Bet Botha van die De-partement van Spraakleer en Drama aan die P.U. Mej. Steg-mann van die P.O.K. en van haar studente sal hoofsaaklik Psalmberyminge voordra.

Mev. Sarie Serfontein-Theron lewer 'n sangsolo van Totius se gedigte wat deur prof. Roode, hoof van die Departement Mu-siek aan die P.U., getoonset is.

- Mev. Marie du Toit, egge-note van Totius, sal die verrig-tinge bywoon.

— D.M.

**Indiërkollege word besoek**  
Prof. A. P. Goossens, emiri-tus-professor in Plantkunde, vergesel van prof. D. W. Ger-ritsma, hoof van die Departement Farmasie aan die P.U., vertrek môre op versoek van die Universiteit van Suid-Afri-ka na Durban. Hulle sal on-derzoek instel na die labora-toriumgeriewe van die Natalse Indiërkollege.

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL“*

Kerkstraat 91-95

H/v. Tom en Borcherdstraat

POTCHEFSTROOM

Telefoon 5236/4944

Telefoon 3431

**Derde Wêreldoorlog bied oplossing, sê volksraadslid**

Die oplossing vir Suid-Afrika se probleme om die beleid van aparte ontwikkeling vir die res van die wêreld aanvaarbaar te maak, lê in die uitbreek van die Derde Wêreldoorlog, het Dr. Connie Mulder, L. V. vir Randfontein, op 27 Augustus, tydens 'n dinee gesê toe hy die staatsleerstudente van die P.U. toegesprek het.

Dr. Mulder het gesê in so 'n oorlog is die onverbonde state in Afrika verplig om hulle kleur te wys. Die Weste sal dan sien dat Swart Afrika steeds oorhel na die Kommunisme. Suid-Afri-ka sal dan in 'n nuwe lig ge-sien word as enigste ware bol-werk teen die Kommunisme in Afrika.

besied in die stryd te staan, het hy gesê en bygevoeg dat hy nog nie die vertroue in die jeug van sy volk verloor het nie.

— C.

**GELYKSTELLING**  
Hy het verwys na 'n gees van gelykstelling wat oor die hele wêreld vaardig geraak het; 'n gees van gelykstelling waarin nasionalisme sonder-meer veroordeel word en alles op wêreldgrondslae gebaseer is. Uit die standpunt van ge-lykmaking het die Kommunis-me gegroei en Liberalisme sy hoogtepunt bereik, het dr. Mulder gesê.

Die taak van die jeug van Suid-Afrika is om met geloof,

**Korpslid is vir A.B.K.K. verkies**

Mnr. J. J. Breedt is verkies as mede-verteenwoordiger van die A.B.K.K. op die nuwe Stu-denteraad.

Mnr. Breedt was in 1964 lid



MNR. J. J. BREEDT van die Thalia toergroep. Hy het die hoofrol vertolk in „Die rooi Lêer“. In 1965 was mnr. Breedt voorsitter van die Thalia bestuur en hy het ook opgetree as toer-leier.

**NUWE PENNINGMEESTER OP STUDENTERAAD**

Mnr. D. Tromp, rugbykaptein van die P.U.-rugbyklub is gister verkies as penningmeester van die Studenteraad vir die nuwe termyn.

Mnr. D. Tromp is afkomstig van Parys waar hy in 1960 ge-matrikuleer het. Sedert mnr. Tromp in 1963 aan die P.U. vir C.H.O. ingeskryf het, het hy so-wel op sport as ander gebiede sy bydrae tot die studente-lewe gelewer.

**BELANGSTELLING**  
Op sportgebied oor die alge-meen, is mnr. Tromp geen nuwe-ling nie. Van sy besondere be-langstellings is rugby, swem en atletiek. Reeds in sy eerste jaar sluit hy aan by die P.U.-rugby-klub en is vanjaar tot kaptein van die klub gekies. Hy het al aan Noord-Vrystaatse atletiekby-

eenkomste deelgeneem in die 120 en 220 treë hekkienommers. Hy was ook lid van Parys se eerste krieketspan.

In 1964 was Mnr. Tromp lid van die Tweedejaarskomitee en vir die 1964/1965 termyn, voorsit-ter van die Ekonomiese Vereni-ging.

**Wilna le. Roux verteenwoordig P.U. se dames**

Die nuwe damesverteen-woordigster op die Studente-raad is mej. W. le Roux. Sy volg mej. C. Schutte op.

Mej. Wilna le Roux het in 1962 aan die Hoërskool Gim-nasium gematrikuleer. Sy het op die leerlingraad gedien, en was ook koshuisprefek.

In 1963 skryf sy aan die P.U. in vir die B.Sc.-graad. In 1964 dien sy op die be-stuur van die Volkspelelaer. In haar eerste jaar toer sy saam met Alabama-studente-orkes.

Tans is sy lid van die Huis-komitee van Thaba Jah.

— P.



**Bande met België het by Maria Van Riebeeck begin!**

Die heelerste dame om in Suid-Afrika te kom woon, was van Belgiese afkoms. Sy was Maria de Queillier, vrou van Jan van Riebeeck. Haar ouers stam uit dié deel van Suid-Nederland wat eers in 1830 as België bekend geword het.

Ons bande met België strek dus oor drie eeue.

En deur die jare het Vlaams en Afrikaans die tweeling van die Dietse Taalgroep gebly. Ons verstaan mekaar . . . ondersteun mekaar. Werk kop in een mus saam op kultuurgebied. Ken mekaar. Daarom voel ons mense tuis in België, waar ons selfs sake in Afrikaans kan beklink.

Laat SABENA u onder sy vleuels neem en vertroetel. Sodra u 'n Sabena-Boeing binnestap, kan u met die lugwaardin Afrikaans praat. U voel tuis terwyl u in weelderige gerief reguit vlieg na Brussel – hart van die Euromark – waar winskanse op u wag. Of kuier rustig rond in Brugge, die antieke kultuurstad. En praat gerus oral Afrikaans. Sabena- snelvlugte na enige vastelandse hoofstad en Brittanje.

Of bly oor in wonderlike Spanje teen geen ekstra koste nie. Gesels gerus met u reisagent oor Sabena.

**BELGIESE Wêreld-LUGDIENS**

Inter-kontinentale Boeing-stralers van een vasteland na 'n ander. Kontinentale Caravelle-stralers dwarsdeur Europa en die Midde-Ooste.

Grant 466-3

## Staat verbeter sy beurse en lenings vir studie in buiteland

Alle beurse en lenings van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gaan verdubbel word, volgens 'n berig in die Vaderland. Dit het slegs betrekking op buitelandse beurse en lenings.

Die Staat se beurskemas is verbeter om aan te pas by private instansies wat met aantreklike studiebeurse belowende Suid-Afrikaanse studente na die buiteland lok en dikwels ook daar hou.

Private instansies sal nou nie meer in die bevoorregte posisie wees om na willekeur studente voor die Staat „weg te raap” nie.

## Simposium oor plastiek

'n Simposium oor die jongste ontwikkelings op die gebied van die polimeer-wetenskap en tegnologie word teen die einde van die jaar aan die Potchefstroomse Universiteit gehou.

Die simposium duur van 29 November tot 4 Desember en verskeie gesaghebbendes op die gebied van die plastiek en polimeer sowel as leidende figure in die nywerheidswêreld is reeds uitgenooi om hierdie simposium by te woon.

Die simposium word gereël deur prof. S. P. Ligthelm, hoof van die Departement Industriële Chemie in samewerking met mnr. H. J. M. Langshaw van die Witwatersrandse Tegniese Kollege.

## Seunskoor sal net een keer hier optree

Pogings wat aangewend is om 'n addisionele middaguitvoering Maandag van die Weense seunskoor te verkry, het misluk. Die Weense seunskoor tree Maandagaand in die Totiusgedenksaal van die P.U. op.


## Onder-sekretaris van S.R. vir die volgende termyn

Mnr. J. H. P. Schutte volg mnr. A. le R. du Plooy op as onder-sekretaris van die Studenteraad van die P.U. vir die volgende diensjaar.

Mnr. Schutte is in 1945 gebore. In 1963 matrikuleer hy aan die Hoërskool Gimnasium waar hy as hoofseun op die leerlingraad gedien het. As sportman was mnr. Schutte ook 'n uitblinker en het sowel vir sy skool se eerstespan as vir die Wes-Transvaalse skoolspan rugby gespeel.

### ORGANISEERDER

In 1964 skryf hy in aan die P.U. vir die graad B.Comm. (Regte). Gedurende 1965 tree hy op as organiseerder van die A.S.B.-tak, voorsitter van die Tweedejaarskomitee en lid van die Ontspanningskomitee, asook penningmeester van die Thalia Toneelgroep. Verder was mnr. Schutte verbonde aan die P.U. rugbyklub waar hy kaptein van die onder-twentig rugbyspan was.



MNR. J. H. P. SCHUTTE



MNR. C. N. VAN DER MERWE

## Liberalisme is op kongres bespreek

'n Kongres oor liberalisme is op 3 en 4 September deur die kommissie vir openbare sedelikeheid van die N.G. Kerk in die Vrystaat, gehou.

Dr. A. P. Treurnicht het gepraat oor liberalisme en die godsdienst, dr. D. J. Barnard oor liberalisme en moraal en prof. H. J. Straus oor liberalisme en staatkunde.

## KULTURMAN WEER VERKIES AS VERTEENWOORDIGER OP STUDENTERAAD

Mnr. C. N. van der Merwe is gister tydens die Studenteraadsverkiezing verkies as mede-vertegenwoordiger van die A.B.K.K. op die nuwe studenteraad.

Mnr. Van der Merwe het reeds as skoolseun intens belang gestel in kulturele aangeleenthede en aftief aan volkspele en toneelopvoerings deelgeneem.

Vanaf 1961 is mnr. Van der Merwe student aan die P.U. vir C.H.O. Hy studeer tans aan die Teologiese Skool.

### LEIER

Hy dien in 1964 op die bestuur van die plaaslike A.S.B.-tak. Sedert 1962 is hy gereeld

in die demonstrasiegroep van die volkspelelaer. Verlede jaar is hy as leier van die volkspelelaer verkies.

Tydens die kunsfees op Heidelberg is hy verkies as voorsitter van die Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele.

Mnr. Van der Merwe het die afgelope termyn as verteenwoordiger van die A.B.K.K. op die Studenteraad gedien. Hy was ook voorsitter van die onderliggaam.

## „NUWE EUWEL” TEISTER BULT — INWONERS IS ONTEVREDE

Verskeie inwoners van Potchefstroom het die afgelope tyd gekla dat blomme uit hulle tuine gesteel word, volgens 'n berig in die Potchefstroom Herald van 3 September.

„Die diefstal het sulke afmetings aangeneem dat daar na verneem word in een van die studentekoshuise 'n afkondiging gedoen is oor die euwel”, lui die berig. Die diefstal is beperk tot die noordelike deel van die dorp.

„Een predikant in die deel van die dorp het bv. die ervaring gehad dat die blomme van 'n plant . . . een nag alles verwyder is. Sy verbasing was baie groot toe hy enkele dae daarna 'n gemeentelid in die hospitaal besoek en die blomme langs die bed van die pasiënt aantref.”

„Verskillende ander inwoners van die Bult het ook in die jongste tyd las ondervind van hierdie euwel”.

Volgens die berig beskou die inwoners die saak in 'n baie

ernstige lig en sal „mense” wat gevang word, beslis aan die polisie oorhandig word.

## Universiteit se leuse lyk so

„Nulli cessa fides”, wat beteken, geloof wat aan niks sal toegee nie. So lui die leuse van die Universiteit van Port Elizabeth wat onlangs deur die rektor, dr. E. J. Marais op 'n perskonferensie bekendgemaak is.

Die leuse van die Universiteitskollege van Fort Hare lui so: „In U lig sien ons die lig,” wat baie ooreenstem met die leuse van die P.U. vir C.H.O. nl. „In U lig.”

## Suid-Afrika sien immigrante as las

„Die deursnee Suid-Afrikaner sien die immigrant nog as 'n ekonomiese las vir Suid-Afrika en 'n meulsteen om ons nekke,” het mnr. J. J. du Plessis, voorsitter van die A.S.B.-tak aan die Pretoriaanse Onderwyskollege op die A.S.B. kongres wat gedurende die afgelope vakansie op Heidelberg gehou is, gesê.

Mnr. Du Plessis het gepraat oor die huidige immigrasiebeleid en gesê dat hy 'n gevaar sien in die kunsmatige grenslyne wat die immigrant van die Suid-Afrikaanse volk skei. Hoe gouer die Afrikaner hierdie mense kan opneem om wanbegrippe uit die weg te ruim, hoe sterker sal hy teen die buitewêreld staan.



Elke Sigaret  
'n Meesterstuk

In Suid-Afrika vervaardig.

## Ook joernaliste moet daar opgelei word

„Ek hoop dat die nuwe universiteit voorsiening sal maak vir 'n Departement van Joernalistiek” skryf Dirk Richard in die Dagbreek van 15 Augustus. „Suid-Afrika het so iets broodnodig, maar die opleiding moet in Johannesburg setel waar die groot persorganisasies is . . . nie in kleiner sentrums nie.”



DIE OU MUTUAL  
bied u die  
beste in  
Lewensversekering

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92

POTCHEFSTROOM

Telefoon 5032

— Ons hou alles aan wat dames benodig: —

Van ditjies en datjies  
en rokkies en frokkies,  
Tot jassies en rokkies.

# BRADLEY IS WEER VERKIES AS A.S.B.-VERTEENWOORDIGER

Mnr. J. E. Bradley is gister weer verkies as A.S.B.-verteenwoordiger op die studenteraad vir die 1965-66 termyn.

Mnr. Jan Bradley het in 1965, tydens 'n tussenverkiesing, vir



MNR. J. E. BRADLEY  
Foto: Fotokuns

## Verteenwoordiger op A.B.K.K.

Mnr. J. J. Grobler is verkies as verteenwoordiger van A.B.K.K. op die Studenteraad vir die volgende termyn.

Mnr. Koos Grobler het in 1961 gematrikuleer aan die Carletonville Hoërskool. Hy was die enig-



MNR. J. J. GROBLER  
Foto: Fotokuns

ste leerling in Transvaal wat sewe onderskeidings behaal het.

In 1964 het hy op die Diskoteekkomitee gedien en in 1965 was hy voorsitter van die komitee. Mnr. Grobler is gestuur as waarnemer van die P.U.-afvaardiging na die A.S.B.-kongres.

In 1963 en 1965 het mnr. Grobler saam met die Alabama toergroep gereis en tans is hy sekretaris van Alabama se bestuur.

Op die J. V. bestuur is hy penningmeester. Aan die P. U. het Mnr. Grobler tot dusver elke jaar al sy vakke met onderskeiding geslaag.

Hy speel ook rugby vir die tweede span van die universiteit.

## Nuwe S.R.-lid het reeds vroeg sy kleure gewys

'n Nuwe toevoeging tot die Studenteraad is gister gemaak toe mnr. B. J. de Klerk verkies is as verteenwoordiger van die P.U. se A.S.B.-tak op die S.R.

Mnr. de Klerk is in 1945 te Kroonstad gebore. Nadat hy 'n leerling aan Bloemfontein Sentraal was, matrikuleer hy in 1962 aan die Hoërskool Gimnasium. Hy het reeds op skool getoon dat hy 'n man van veelsydige aanleg is. Hy was prefek, volkspeleier en J.V.-voorsitter en het vir sy skool se eerste span rugby gespeel.

Hy is sedert 1963 voltyds aan die P.U. vir C.H.O. ingeskryf vir die graad B.A. propadeuties. In sy tweede jaar dien hy op

die eerste keer toegetree tot die Studenteraad as verteenwoordiger van die A.S.B.-tak op die P.U. Hy was ook in die afgelope termyn voorsitter van die plaaslike A.S.B.-tak.

### WYE R

Sy politieke belangstellings het wyer uitgekring as slegs die studente-politiek en hy was ook voorsitter van die Nasionale Party se studentetak.

In die studentelewe het mnr. Bradley vervolgens gedien as voorsitter van die S.K.S.-ondersteunersklub. In 1964 was hy voorsitter van die Vreugdedagkomitee.

By die Wapad is mnr. Bradley ook geen onbekende nie, daar hy al 'n termyn gedien het as assistent-redakteur.

Tans is mnr. Bradley lid van die huiskomitee van Over de Voor.

## UNIVERSITEIT IN 1968

Dit sal meer as twee jaar duur voordat die beoogde Afrikaanse universiteit in Johannesburg in tydelike geboue gevestig kan word. Dit kan agt jaar duur voordat die universiteit oor sy eie geboue beskik, volgens onlangse berigte in die dagblads.

Mnr. J. P. van der Spuy, lid van die Randse Universiteitskomitee het onlangs gesê dat wetgewing wat nodig is voordat die Regering geldelike bystand vir die oprigting van die universiteit kan bewillig, eers in 1967 aangeneem sal word.

Dit beteken dat die universiteit op sy vroegste aan die begin van 1968 in tydelike lesingkamers en administratiewe kantore gevestig sal kan word.



B. J. DE KLERK  
Foto: Fotokuns

die Tweedejaarskomitee en die besture van sowel die Volkspelelaer as die A.S.B.-tak van die P.U.

Vanjaar het hy die P.U. verteenwoordig by die A.S.B.-kongres te Heidelberg, as afgevaardigde.

## LORD HET DIT TEEN S.A.-WOL

'n Konserwatiewe lord gaan die Britse regering vra om die wolkussing waarop die voorsitter van die Hoërhuis sit, te laat opstop met wol uit die Statebondslende.



MNR. J. J. BRAND  
Foto: Fotokuns

## Brand Verkies vir Sportbestuur

Mnr. J. J. Brand is gister verkies as verteenwoordiger van die Sentrale Sportbestuur op die nuwe Studenteraad.

Mnr. Brand is 21 jaar oud en 'n B.Sc.-student aan die P.U. met Wiskunde en Chemie as hoofvakke.

Die afgelope jaar was hy kaptein van die Stoeiklub. Hy is 'n Suidwester uit Outjo se wêreld.

## Thalia-toerlid nog in luim om oor eskapades te rym

Ons van die Thalia-toer, Het waarlik somer „groot” geboer;

Gevalle, nommer een tot tien het ons in elk' dorp gesien: Amersfoort: ag Friesie, nee! want kyk, daar staan Tol

Bobbejee, Machadodorp was oom Tommy daar

en An-Marie en Gammie, naarr... „Opstaan! Opstaan!” sou jy verder hoor

en „Gerrit! Sowaar, jy word vermoor!”

Ermelo, en Lou speel pa — algou het hy die huil verja.

Vir Roelie is 'n metgesel in elk' dorp wat mens kan tel. Johan is in sy hart so bly, want „Julle, ek het 'n pos gekry!”

Nelspruit, daar val die „Rolling Stones”

staan op met 'n gaatjie in een se „bones”

Geval Paulpietersburg, het Piet en Poen

die aarde, o so hard gesoen... Op Heidelberg sluk Annemie 'n pil

en word toe somer skielik stil. Badplaas, en vir Jan word die twee

dogters van sy landlord gegee Vir André is grondboontjiebotter met stroop

die essensie van sy gedagtes se loop

G'n nêrens nie is daar krieket, of ook Mac met „Leg before wicket!”

In die donker het ons Dirk en Ronel

hul oor die heengaan van 'n tas gaan kwel

Vir Lettie kom 'n gram met die pos

en daar wil sy die toer net los. Die Grand-Prix-prys soek toe 'n plek

en vind dit in ons Bets se „sack”.

# Sekretaris van S.R. gister vir nuwe termyn gekies

Mnr. Andries du Plooy is gisteraand vir 'n tweede termyn as sekretaris, deur die studentemassa van die P.U. tot die S.R. verkies.

Dit is sy tweede termyn op die Studenteraad.

Mnr. du Plooy is op 22 Oktober 1944 te Florida gebore. Hy matrikuleer in 1962 aan die Hoër Gimnasium, Potchefstroom, waar hy hom reeds vroeg as 'n veelsydige sportman bewys. Hy het vir sy skool se eerste rugby-krieket- en atletiekspanne opgetree.

Hy skryf in 1963 in aan die P.U. vir C.H.O. vir die graad B.A.

Sedertdien het hy ook 'n aktiewe bydrae tot sport op die P.U. gelewer. Agtereenvolgens het hy rugby onder-19A en onder-20A gespeel. Laasgenoemde ook vir Wes-Transvaal verlede jaar. Vanjaar het hy waardevolle diens aan die eerste span van die P.U. gelewer.

In sy tweede jaar het Andries ook op die Tweedejaarskomitee asook op die bestuur van Korps gedien. Vir die termyn 1964/65 is hy tot onder-sekretaris van

die S.R. verkies. Hy het vanjaar die P.U. se Dalrymple-span na Stellenbosch vergesel as Studenteraadsverteenwoordiger.



MNR. ANDRIES DU PLOOY  
Foto: Fotokuns

## Kinderagtige Motoriste


Motoriste wat poppies in hulle motors se venters hang is kinderagtig. Die gewoonte is gevaarlik omdat dit die bestuurder se aandag aftrek en waardevolle uitsig belemmer.

In 'n hoofartikel van die Suid-Afrikaanse Nasionale Veiligheidsraad se amptelike orgaan, Nasionale Veiligheid, word daar ook op gewys dat dit gevaarlik is om groot kussings teen die agterste ruit van die motor te laat. Ander onnodige en waardevolle dinge soos plakkerjies versper die motoris se uitsig.

Die artikel sê dat die vervaardigers van motors groot sorg aan die dag lê om die vensters met die grootste uitsig moontlik te ontwerp, maar dat die dansende voorwerpe in die vensters die poging heeltemal laat skipbreuk ly.

# Besoek eksotiese Suid Amerika

'n Volle 26 dae in Suid-Amerika



17 JAN.—14 FEB. 1966

'n Opwindende 29-DAAGSE T.F.C.-LUGTOER wat die meeste vrolike stede en lieflike natuurskoon dek teen 'n SPECIALE ALLESINSLUITENDE PRYS wat helfte is van die gewone lugtarief!

'n Wonderlike ekskursie vir jongmense!

R570  
(INSLUITEND)

RIO DE JANEIRO, SAO PAULO, PORTO ALEGRE, MONTEVIDEO, BUENOS AIRES

Skakel u plaaslike Reisagent of T.F.C. TOURS (EDMS.) BPK. 4de Verdieping — New Plaza Centre. H/v. Rissik- en Jeppestraat, JOHANNESBURG. Tel. 838-3011



# PUKSTUDENT GAAN OORSEE DEELNEEM AAN VERSKEIE ATLETIEKBYEENKOMSTE

**WILLIE COETZEE**, 21 jarige atleet van die P.U., het Dinsdag vanaf die Jan Smuts-lughawe vertrek na Duitsland in 'n atletiekspan wat insluit: D. Burger, P. Rich, S. Serfontein en H. Roberts van ander Suid-Afrikaanse Universiteite.

"Ons is bewus van wat hierdie geleentheid, om oorsee te gaan vir ons inhou. Die ondervinding sal nie alleen vir onself waardevol wees nie, maar ook vir ons onderskeie klubs," het Willie voor sy vertrek gesê.

Die span sal aan verskeie byeenkomste deelneem. Hulle sal ook etlike klinieke vir atletiek-afrigting besoek. Die Suid-Afrikaners sal afrigting ontvang van Martin Lauer, tans houer van die wêreldrekord oor die 110 meter hekkies.

## ERNSTIG

Willie het in 1962 ernstig begin deelneem aan die hekkies-



**MNR. W. N. COETZEE**

Foto: Fotokuns

nommer. Die jaar het hy begin met 'n tyd van 15,0 sek. vir die 120 tree hekkies en teen die einde van die seisoen het hy Poena Malan se Suid-Transvaalse junior rekord van 14,7 sek. met 0,1 sek. verbeter. Nadat hy met 'n besering gesukkel het, was hy nogtans in staat om in 1963 'n tyd van 14,5 sek. vir die 120 tree hekkies aan te teken. Sy beste tyd oor die afstand is 14,3 sekondes.

Hy het reeds drie Dalrymple-titels agter sy naam. In 1964 het hy selfs die Springbokatleet, Danie Burger, die loef afgesteek.

Verskeie instansies het finansiële hulp aangebied om Willie se koste te help dra. Die Pot-

chefstroomse stadsraad het R200 geskenk, die Studenteraad het R100 bygedra en die Potchefstroomse Universiteit het ook R200 bygedra.

Willie het gesê dat hulle vasbeslote is om tydens die toer te verbeter op hulle beste prestasies.

● Willie is gister in sy afwesigheid verkies as verteenwoordiger van die Sentrale Sportbestuur op die Studenteraad.

## SPORTMAN WORD VERKIES OP S.R. AS VERTEENWOORDIGER

**Mnr. W. Coetzee** is gister verkies as verteenwoordiger van die Sentrale Sportbestuur op die Studenteraad.

Mnr. Willie Coetzee, goed bekend in atletiekkringe, is die seun van prof. dr. W. N. Coetzee, dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Tans is mnr. Coetzee 'n addisionele lid op die P.U. se atle-

## Eerste Puk om Protea-kleure te verkry

Die kaptein van die Puk se landloopspan, Dewald Steyn, het die eerste landloper van die P.U. geword wat daarin geslaag het om Protea-kleure te verower.

Dié prestasie het Dewald behaal nadat hy die vyfde plek verower het tydens die Dalrymple wat in Julie maand op Bloemfontein beslis is.

## Matieland lewer Springbokke op

Eben Olivier van die Universiteit van Stellenbosch het die drie-en-negentigste Matie geword om die groen en goud vir Suid-Afrika te dra. Hy is onlangs as plaasvervanger na Nieu-Seeland aangewra in die plek van die beseerde Tommy Bedford.

Die Maties het reeds agt Springbokkapteins opgelewer.

## Pluimbalkklub kom by dam byeen

Die P.U.-pluimbalkklub sluit 'n aangename seisoen vanjaar op 2 Oktober af in die vorm van 'n afskeidsgeselligheid by die Potchefstroomse dam.

Alle lede van die pluimbalkklub is baie welkom. Die koste per persoon bedra vyftig sent en is by Vaatjie van der Merwe of by Tilla Kuhn in Kulu betaalbaar.

"Lede van die klub is welkom om hulle slepe teen dieselfde bedrag saam te bring", het die sekretaresse, mej. R. de Klerk gesê.

— T.

tielbestuur.

Hy is benoem as assistent-redakteur van die Wapad vir die 1965 termyn, maar na twee maande diens moes hy as gevolg van drukke werksaamhede bedank.

In 1965 het hy ook die tweede plek verower in die P.U. se redenaarskompetisie.

Tans is mnr. Willie Coetzee in 'n uitnodigingspan na Duitsland waar hy aan verskillende atletiekbyeenkomste sal deelneem.

## LANGASEMS PRESTEER WEER TYDENS S.A.-KAMPIOENSKAPPE

**DIE LANGASEMS** van die Puk het die naweek, tydens die Suid-Afrikaanse landloopkampioenskappe, 'n suksesvolle seisoen afgesluit. Die Pukke wat vir die Wes-Transvaalse span gehardloop het, het onder omstandighede besonder goed gevaar, het die kaptein, mnr. Dewald Steyn gesê.

Die Parys-aflos was die suksesvolste padloop waaraan die Pukspan gedurende die 1965-seisoen deelgeneem het, hoewel die span van Weermag 23 sek. voor die Pukspan geëindig het. Albei die spanne het die bestaande rekord van hierdie afstand, wat oor 30 myl strek, met meer as 20 min. verbeter.

Ander hoogtepunte was tydens die Dalrymple, waar die Pukspan goed gevaar het, en met die Intervarsity het die Puk se langasems hulle slag gewys toe hulle die Kovsies lam gehardloop het.

### SPANGEEES

Die spangees en mededingingsgehalte was besonder hoog, hoewel die span te kampe gehad het met talle beserings.

Name wat uitgesonder kan word is dié van Dewald Steyn, George Muldner, Koos Jooste en

Koos van Vuuren.

Sonder uitsondering sien die landloopspan uit na die volgende

seisoen, veral na die Suid-Afrikaanse kampioenskappe van 1966 wat op die tuisbaan uitgespook sal word, het die kaptein in 'n onderhoud aan ons verteenwoordiger gesê.

— N.

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . .”

**Turkstra**

TE KRY BY U KAFETERIA

Dit is die snit wat tel . . .

- \* Alba Broeke
- \* Mentone Pakke
- \* Monatic Hemde
- \* Battersby Hoede
- \* Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**

Volledige Mansuistrusters en Sporthandelaars

POTCHEFSTROOM

Posbus 219 — Tel. 3411



Agente vir:

INNOXA  
VITAMOL  
COTY

Besoek ons uitgebreide  
GESKENKAFDELING

**DIE BULT-APTEEK**

Tomstr. 88b & c — Tel. 5943

Ondersteun 'n Oud-Pukkie



## PUKKE SLUIT RUGBYJAAR GESELLIG AF

Die P.U. Rugbyklub sluit vanjaar n luisterryke seisoen af met 'n geselligheid by die Oude Molen-terrein. Die aangeleentheid vind plaas op Woensdag, 22 September 1965, om 5.00 nm. 'n Braaivleis word aangebied. Alle spelers wat gekwalifiseer het vir die spanfoto's word uitgenooi. Beamptes van die Wes-Transvaalse Rugbyunie sal ook teenwoordig wees.

— D.M.

Die Wapad word gedruk deur Ensins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

## Paradise Restaurant

Die plek met  
SNOEKERTAFELS

Tomstraat 86 Tel. 5474